Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP DINSDAG, 13 DESEMBER 2016 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Ander raadslede:
Rdl M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig. Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 9 NOVEMBER 2016

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 9 November 2016 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 7 DESEMBER 2016

BESLUIT

Dat/…

4.2

Dat, alhoewel die regstellings oorgehou word as prerogatief van die onderskeie komitees, die Munisipale Bestuurder versoek dat die volgende wysiging aangebring word as vervanging van

Munisipale Bestuur- en Finansieskomitee: Item 9: Spreekbeurt deur die Munisipale Bestuurder

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, noem aan die komitee dat 'n opname (10% ewekansige streekproef) binnekort sal plaasvind om die juistheid van die uitslae van STATS SA te evalueer en om die aantal inwoners per dorp vas te stel, sowel as om 'n herhaling te doen van die 2014 kliëntediensopname.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 7 DESEMBER 2016

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die volgende wysiging –

ITEM 9.1: BEHUISING ALLOKASIE BELEID

'n Bespreking volg aangaande die waglys wat apart bygehou word vir begunstigdes wat die opsie uitgeoefen het om slegs 'n gedienste erf te ontvang en die akkommodering van militêre veterane in behuisingsprojekte. Dit is duidelik uit die bespreking dat daar verder gekonsulteer moet word aangaande die beleid.

BESLUIT

(a) Dat die item terugverwys word om verdere geleentheid vir konsultasie te gee – onder andere – met die Minister van Behuising aangaande die twee waglyste wat tans bygehou word vir begunstigdes wat die opsie uitgeoefen het om slegs gedienste erwe te bekom, en die res;

(b) Dat die Behuising Allokasie Beleid goedgekeur word alvorens daar 'n aanvang geneem word met die Riebeek-Wes behuisingsprojek;

BESLUIT VERDER

(c) Dat, wanneer die beleid weer voorgelê word, die volgende ook deel gemaak word van die aanbeveling

(i) Dat daar/...

5.1.3(c)/...

(ii) Dat daar tot 'n maksimum van 3% vir militêre veterane voorsiening gemaak word in die allokasie van behuising, onderhewig daaraan dat die veterane wat kwalifiseer afkomsitg moet wees van die betrokke dorp waar die behuisingsprojek geakkommodeer word;

(iii) Die komitee kennis neem dat by die volgende Malmesbury/Wesbank Behuisingsprojek die eerste 700 behuisingsgeleenthede aan die begunstigdes van Malmesbury/Wesbank toegeken word, soos ooreengekom met die Ilinge Lethu Behuisingskomitee, weens die versnelde projek van gedienste erwe in 2015/2016 te Phola Park.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE VAN 9 NOVEMBER 2016

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 GOEDKEURING VAN DIE ONDERNEMINGSRISIKOBESTUURSBELEID (*ENTERPRISE RISK MANAGEMENT POLICY)* (5/15/1/1)

Die beleid verseker 'n proses om risiko's te identifiseer en te mitigeer wat dienslewering en die bereiking van doelwitte bedreig. 'n Verdere oogmerk van die beleid is om te verseker dat 'n geïntegreerde benadering tot risikobestuur regoor die Munisipaliteit gevolg word.

Die beleid bepaal verder die 'risk appetite' en 'risk tolerance' soos verduidelik deur die Munisipale Bestuurder.

Die voorsitter noem dat die oorsigrol deur die Raad en Uitvoerende Burgemeester nie duidelik in die beleid aangespreek word nie, alhoewel daar – soos uitgewys deur die Interne Ouditeur – verwys word na die 'three lines of defence' ingevolge die COSO (Committee of Sponsoring Organisations)-riglyne.

BESLUIT

(a) Dat die Ondernemingsrisikobestuursbeleid in beginsel goedgekeur word vir implementering omrede dit 'n verskeidenheid van voordele vir die Munisipaliteit inhou, byvoorbeeld –
- meer doeltreffende, betroubare en koste effektiewe dienslewering;
- meer betroubare besluitneming;
- vermindering in bedrog;
- minder verrassings en krisisse deur bestuur in staat te stel om effektief te handel met potensiële opkomende risiko's wat onsekerheid kan skep;
- die Munisipaliteit se reputasie en beeld word beskerm;
- verseker die effektiewe rapportering en voldoening aan wetgewing en regulasies;
- beter waarde vir geld deur meer effektiewe, doeltreffende en ekonomiese verbruik van skaars hulpbronne; en
- beter uitsette en uitkomste deur die verbetering in die bestuur van projekte en programme;

(b) Dat die leemte in die beleid ten opsigte van 'n meer omvattende beskrywing van die oorsigrol deur die Raad en Uitvoerende Burgemeester, soos uitgewys deur die voorsitter, met die Ouditkomitee geklankbord word;

(c) Dat 'n "Risk Appetite-vlak" van 15 aanvaar word – "Impact x Likelihood" = 15 (5x3) & (3x5);

(d) Dat "Risk Tolerance-vlakke" van 16 (4x4) en hoër, nie geduld sal word nie.

7.2 NOTULE VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE EN RISIKO OUDITKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 29 AUGUSTUS 2016 ASOOK DIE JAARLIKSE VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE VIR DIE TYDPERK GEËINDIG 30 JUNIE 2016 (11/1/3/1/7)

Die komitee dien as ‘n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van die Munisipale Finansiële Bestuurswet van 2003.

In terme van bogenoemde mandaat maak die komitee hoofsaaklik aanbevelings aan die Raad vir oorweging en besluitneming.

'n Verslag aangaande die aktiwiteite van die Ouditkomitee vir die tydperk 1 Julie 2015 tot 30 Junie 2016 is ook met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomitee se vergadering van 29 Augustus 2016 asook die jaarlikse verslag van die Ouditkomitee vir die tydperk geëindig 30 Junie 2016;

(b) Dat verder kennis geneem word van die aanbevelings voortspruitend uit die vergadering van 29 Augustus 2016, sowel as die jaarlikse verslag vir die tydperk geëindig 30 Junie 2016, naamlik:

(i) dat die dienste ooreenkomstig die 'Risk Management Shared Services' gestaak word en dat die funksie, met die nodige ondersteuning, intern verrig word. Gevolglik is 'n Risikobestuursbeleid, Risikobestuurstrategie en Implementeringsplan opgestel en is gedetailleerde risiko assesserings in die onderskeie direktorate uitgevoer;

(ii) dat indien daar 'n afwyking is tussen die beplande en werklike prestasie die nodige verduideliking en korrektiewe stappe verwag word. Dat verder kennis geneem word van die Ouditkomitee se versoek dat stawende bewyse vir prestasie-inligting bygehou moet word;

(iii) dat die Ouditkomitee tevrede is met die vooruitgang wat gemaak word om kontroles in te stel, met die ouditbevinding en die verbintenis tot goeie regering deur die Munisipaliteit.

7.3 GOEDKEURING VAN DIE GEKOMBINEERDE SEKERHEIDSRAAMWERK (5/15/1/1)

Die doel van die raamwerk is om as riglyn vir die Munisipaliteit te dien om 'n gekombineerde sekerheidsmodel daar te stel. Die Ouditkomitee rapporteer op spesifieke risiko-areas en die toepassing van 'n sekerheidsmodel sal verseker dat 'n gekoördineerde benadering gevolg word ten opsigte van die rapportering op die Munisipaliteit se wetlike verpligtinge, die onafhanklikheid van die Ouditkomitee, die beoordeling van die finansiële state en rekenkundige praktyke en of die interne finansiële kontroles effektief is, al dan nie.

BESLUIT

Dat die gewysigde Gekombineerde Sekerheidsraamwerk goedgekeur en geïmplementeer word, aangesien dit 'n verskeidenheid van voordele vir die Munisipaliteit inhou, byvoorbeeld:

- identifiseer en spesifiseer die bronne om te verseker dat risiko's gedek is;
- voorsien die Prestasie en Risiko Ouditkomitee, die Rekenpligte Beampte en Bestuur van 'n raamwerk van die onderskeie versekeringsbronne;
- verbind risikobestuursaktiwiteite met versekeringsaktiwiteite ten einde te verseker dat alle strategiese risiko's en beduidende risiko's gemitigeer word en deur versekeringsbronne gedek word; en
- verskaf 'n basis vir die identifisering van enige areas van potensiële versekeringsleemtes en/of duplisering.

7.4 AFSKRYWING VAN ONINBARE SKULD DESEMBER 2016 – DEERNISHUISHOUDINGS TEN BEDRAE VAN R786 621,06 EN ANDER ONINVORDERBARE SKULDE TEN BEDRAE VAN R262 677,15 (5/7/1/1/MY)

Die skedules tot die sakelys reflekteer die totale bedrae ten opsigte van deernishuishoudings en uitstaande debiteure wat afskryfbaar is.

Die voorsitter noem dat die Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid hersien moet word, veral ten opsigte van die afskryf van skuld van deernishuishoudings wat geen inkomste het om skuld te vereffen nie. Daar moet verder 'n verpligting op die ontvanger van deernissubsidie wees om te bewys dat hy/sy poog om lewensomstandighede te verbeter.

'n Verdere bespreking volg aangaande die vervanging van konvensionele elektrisiteitsmeters met voorafbetaaltipe elektrisiteitsmeters by deernishuishoudings (ongeveer 688) wat nog nie daaroor beskik nie. Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste meld dat daar in proses is om nuwe tegnologie op die mark te ondersoek wat voldoen aan die 'local content' regulasies.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R786,621-06 ten opsigte van deernishuishoudings, afgeskryf word as oninvorderbaar;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R262,677-15 ten opsigte van ander uitstaande debiteure, afgeskryf word as oninvorderbaar;

(c) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat ‘n gedeelte van die skuld of die totale skuld van ‘n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgermeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burgermeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;

(d) Dat, indien ‘n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is ‘n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;

(e) Dat verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

(f) Dat verder goedkeuring verleen word dat die bedrae wat aan die Raad verskuldig is, wat op datum van hierdie Item nie by die bestaande lys bygewerk is nie, as gevolg van sosio-ekonomiese ondersoeke wat nog nie kon plaasvind aan al die deernishuishoudings nie, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

7.4/...

(g) Dat die werklike bedrag afgeskryf, nadat hierdie voorlegging aan die UBK gemaak was, weer tydens die volgende UBK Vergadering voorgelê sal word;

(h) Dat enige BTW op dienste gehef op die gebruiklike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word;

(i) Dat die Kredietbeheerafdeling besoeke aan die deernishuishoudings bring, ten einde die afskrywing te verduidelik en die implikasie van toekomstige verpligtinge van 'verantwoordelike verbruikers' aan hulle duidelik te maak, asook om die installering van die Aqua-loc waterbeheermeganismestelsel en die werking daarvan aan die deernishuishoudings te verduidelik, ten einde voorkomende Kredietbeheer toe te pas;

(k) Dat verder goedkeuring verleen word dat die kostes met betrekking tot die vervanging van die konvensionele elektrisiteitsmeter deur 'n voorafbetaalde elektrisiteitsmeter, deur die munisipaliteit gedra word en dat die Hoof Finansiële Beampte die kostes van die Deernistoekenning sal verhaal.

7.5 UITSTAANDE DEBITEURE – NOVEMBER 2016 (5/7/1/1/MY)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van November 2016.

7.6 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 November 2016 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.7 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN INLAATWERKE POMPE, MOORREESBURG RIOOLWERKE (6/1/2/1)

Die inlaatwerke op Moorreesburg rioolwerke is toegerus met drie pompte wat rou riool pomp na die rioolaanleg om behandel te word. Tydens die herstelwerk aan die eerste pomp is daar opgemerk dat die res van die pompe dringende herstelwerk benodig.

Die diensverskaffer, *GW Trautmann*, wat reeds op terrein was om die eerste pomp te herstel, is dus versoek om 'n kwotasie te lewer vir die herstelwerk aan pompe 2 en 3.

BESLUIT

(a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die dringende herstel van al drie pompe by die inlaatwerke op Moorreesburg ten bedrae van R31,515.27 (BTW uitgesluit) aangesien die herstel as 'n noodgeval hanteer was;

(b) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het dat die herstelwerk kan voortgaan deur *GW Trautmann* vir die bedrag van R31 515,27 (BTW uitgesluit) en dat die uitgawe aangegaan word teen posnommer 59-76-30-00-0380;

(c) Dat die handeling van die Munisipale Bestuurder dienooreenkomstig gekondoneer word;

7.7/...

(d) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.8 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN SPEELPARK TOERUSTING OP MALMESBURY, DARLING, ABBOTSDALE, RIVERLANDS, CHATSWORTH (6/1/2/1)

Gedurende 2014 en 2015 is speelparktoerusting opgerig in Malmesbury, Darling, Abbotsdale, Riverlands en Chatsworth uit fondse vanuit die wyksprojekte. Die toerustig word gemaak van herwinbare plasiek wat UV bestand is en nie jaarlikse onderhoud verg nie.

Die toerusting is egter in so 'n mate beskadig deur vandalisme dat herstelwerk wel benodig word. Hierdie materiaal word gelewer deur die alleenverskaffer, *Primwood*, wat ook die herstelwerk behartig.

BESLUIT

(a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die herstel van bestaande speeltoerusting op gronde van die volgende:

(i) Weens die onveiligheid van die speeltoerusting dit as 'n noodgeval hanteer word;

(ii) Dat die tipe materiaal (herwinbare plastiek) waarvan die bestaande toerusting gemaak is slegs deur *Primwood* gedoen kan word, aangesien hulle die alleenverskaffer van hierdie spesifieke produk is;

(b) Dat die herstelwerk van die speeltoerusting aan *Primwood* toegeken word vir die bedrag van R 36,115.00 (BTW uitgesluit).

(c) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het dat die herstelwerk kan voortgaan deur *Primwood* vir die bedrag van R36,115.00 (BTW uitgesluit) en dat die uitgawe aangegaan word teen posnommer 47-66-30-00-0293;

(d) Dat die handeling van die Munisipale Bestuurder dienooreenkomstig gekondoneer word;

(e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.9 ONDERSTEUNING AAN YZERFONTEIN TOERISME: YZERFONTEIN FEES (15 – 31 DESEMBER 2016) (10/1/R; 17/9/1/3; 17/10/1/2) (WYK 5)

'n Aansoek is ontvang vanaf die Yzerfontein Toerismeburo vir ondersteuningsdienste tydens die Yzerfontein Fees wat vir die vierde agtereenvolgende jaar vanaf 15 tot 31 Desember 2016 sal plaasvind.

BESLUIT

(a) Dat verhoogde dienslewering oor die vakansieseisoen aangepas word as gevolg van verhoogde besoekersgetalle, en – waar nodig – addisionele personeel aan diens gebring moet word;

(b) Dat, soos in die verlede, geen betaling gevorder word vir addisionele dienste nie en dat versoeke van die Yzerfontein Toerismeburo, soos gelys in die verslag, goedgekeur word.

7.10 LETSATSI FINANCE AND LOAN (PTY) LTD – OOREENKOMS MET *SOUTH AFRICAN MUNICIPAL WORKERS' UNION* (SAMWU) (4/7/3/8)

Die nasionale kantoor van SAMWU, sowel as die Weskaapse tak van SAMWU het 'n ooreenkoms met Letsatsi Finance and Loan (Pty) Ltd aangegaan om persoonlike lenings en ander finansiële produkte aan SAMWU-lede te mag voorsien.

BESLUIT

(a) Dat enige ooreenkoms(te) met betrekking tot aftrekorder fasiliteite of aftrekkings vanaf salarisse van SAMWU-lede van Swartland Munisipaliteit in verband met ooreenkomste aangegaan met *Letsatsi Finance and Loan (Pty) Ltd*, deur me Sunet de Jongh in haar hoedanigheid as Snr Bestuurder: Menslike Hulpbronne onderteken word;

(b) Dat voormelde amptenaar hiermee die mandaat ontvang en bemagtig word om namens Swartland Munisipaliteit alle dokumente in verband met die *Letsatsi Finance and Loan (Pty) Ltd Payroll Deduction Agreement* goed te keur en te onderteken.

7.11 SLUITING VAN KANTORE OP 23 EN 30 DESEMBER 2016 (2/6)

Swartland Munisipaliteit het vir die sesde agtereenvolgende jaar 'n skoon oudit verkry en word 23 Desember 2016 as 'n afdag aan personeel toegestaan as beloning vir elke amptenaar se bydrae tot die skoon oudit.

Die munisipale kantore sal verder op Donderdag, 22 Desember 2016 om 15:45 sluit en op Vrydag, 30 Desember 2016 om 13:00.

BESLUIT

(a) Dat, as gevolg van die verkryging van die sesde skoon oudit, die besluit van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word dat die munisipale kantore op Vrydag, 23 Desember 2016 mag sluit vir die dag;

(b) Dat hierdie 'n eenmalige vergunning is en dat dit glad nie 'n verwagting met die oog op volgende jare moet skep nie;

(c) Dat kennisgewings by al die betaalpunte in die munisipale gebied en op die webtuiste aangebring word om van die sluiting van kantore kennis te gee;

(d) Dat, met hierdie vergunning, oortyd betaal word vir tye gewerk teen die Saterdagtarief.

7.12 HUUR VAN SPORTGERIEWE TE MALMESBURY (17/9/2/R)

Die Raad verhuur verskeie akkommodasie te Malmesbury aan organisasies vir die beoefening van sport. Die huurtermyn is vir twaalf maande en verstryk op 30 November 2016.

BESLUIT

(a) Dat 'n nuwe huurooreenkoms met die Omega Pigeon Racing Club aangegaan word vir die huur van spasie (groot ±50m²) te Wesbank Gemeenskapsaal, Malmesbury, m.i.v 1 Desember 2016;

(b) Dat 'n nuwe huurooreenkoms met Malmesbury Weightlifting Club aangegaan word vir die huur van spasie (groot ±63m²) te Wesbank Gemeenskapsaal, Malmesbury, m.i.v 1 Desember 2016;

(c) Dat 'n nuwe huurooreenkoms met Fitness Planet Gym aangegaan word vir die huur van die Container Gym (groot ±66m²) geleë op die perseel van die meerdoelige sentrum te Ilinge Lethu, Malmesbury, m.i.v 1 Desember 2016;

7.12/...

(d) Dat die huurtermyn nie ‘n periode van twaalf (12) maande oorskry nie wat jaarliks hernu kan word;

(e) Dat huurgeld van R100,00 per jaar, plus BTW, in al drie gevalle gehef word.

7.13 VERHUUR VAN RAADSEIENDOM TE MOORREESBURG (12/1/3/1-9/1)

Die buitegebou op erf 3432, Moorreesburg word sedert Desember 2014 aan die aangrensende eienaar, me C Alberts, verhuur vir stoordoeleindes. Die huurtermyn verstryk op 30 November 2016.

BESLUIT

(a) Dat die voormelde huurperseel vir ‘n verdere termyn van 12 maande met ingang van 1 Desember 2016 aan me C Alberts verhuur word vir doeleindes van ‘n stoorkamer;

(b) Dat die huurgeld na R260,00 plus 14% BTW per maand verhoog word;

(c) Dat die bestaande huurvoorwaardes dieselfde bly.

7.14 VERHUUR VAN MUNISIPALE EIENDOM OP RIEBEEK KASTEEL (12/1/3/1-11/1)

Die Raad verhuur 'n klein buitegebou geleë op gedeelte van erf 147, Riebeek Kasteel aan Riebeek Cellars vir doeleindes van 'n stoor en die koelhou van hul wyne.
Die huurtermyn verstryk op 1 Desember 2016.

BESLUIT

(a) Dat die buitegebou geleë op ‘n gedeelte van erf 147, Riebeek Kasteel uit-die-hand-uit vir ‘n verdere termyn van 12 maande aan Riebeek Cellars verhuur word vir doeleindes van stoor van wyn,met ingang vanaf 1 Desember 2016;

(b) Dat die huurgeld verhoog word met 10% na R195,80, plus 14% BTW per maand;

(c) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

7.15 AANSTEL VAN BOUBEHEERBEAMPTE (15/4/1)

Mnr M Jacobs is deur die Raad aangestel as Boubeheerbeampte ingevolge die betrokke wetgewing. Verder is die bouinspekteur, mnr Bertus Keulder, aangestel om as Boubeheerbeampte waar te neem in die afwesigheid van mnr M Jacobs.

Die behoefte bestaan egter om ook die ander bouinspekteurs as Boubeheerbeamptes aan te stel, sou dit gebeur dat beide mnre Jacobs en Keulder nie beskikbaar is nie.

BESLUIT

(a) Dat mnr Charl Pietersen en me Euphemia Van der Byl aangestel word om die funksies en pligte van Boubeheerbeampte uit te voer in die afwesigheid van mnr M Jacobs, ingevolge Artikel 5(i) van die Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde Wet, Wet 103 van 1977;

(b) Dat hulle hierdie pligte sal uitvoer onder omstandighede en sodanige periode as wat die Direkteur: Ontwikkelingsdienste dit mag nodig vind.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER